Sonder Seëls e-tydskrif
Spesiale aflewering vir jou.

**Mei 2016**
Uitgawe 35, Jaar 7
**Sonder Seëls**
kontak@sonderseels.co.za

# Liewe leser



Soms kyk 'n mens (ook jongmense) terug oor jou lewe en sien hoe moeilike omstandighede tog met 'n doel oor jou pad gekom het. Karlien Nederveen was glad nie gereed om vir haar dogtertjie tuisonderrig te gee nie, maar weens omstandighede moes sy dit doen. Dit het haar in aanraking gebring met ander ouers se swaarkry, en vandag sê sy: *Ek kon nie verduidelik hoekom nie, maar my hele wese het geweet dit is wat ek wil doen want iets hier maak baie sin.* Lees op bladsy twee van hierdie *iets* wat sin maak.

Na baie esse wat sy gegooi het, is Annelien Pienaar ook waar sy wil wees. Die koeistal waarin sy 'n kookskool ingerig het, is waar sy gelukkig is. (bl 9) Van esse gooi kan en kon jy dr. Doeke Tromp niks vertel nie. Sy liefde vir ou motors het hy vantevore met *Sonder Seëls* se lesers gedeel, maar hierdie keer gooi hy esse met 'n geliefde motorfiets wat hy besit sedert hy vyftien jaar oud was.


Liewe leser, mag jy ook vreugde vind in wat jý doen.


Geniet Sonder Seëls!

Groete
Lilla du Preez

16 Mei 2016

# Inhoud


Disleksie is nie 'n siekte nie. Dis die simptoom van 'n wonderlike gawe. 2


Olie en diesel, lug in die bande ... drie vriende vyftig jaar later. 6


Annelien bak nie net brood nie. Staan opsy of jy word gebottel! 9


The Guernsey Literary and Potato Peel Pie Society. 14


Wees woordwys: Help! Ons moet die ekonomie laat groei! 15


Weens gerugte van vernedering kyk Fiela haar bestuurder in die oë. Dis veiliger. 16

# Die Gawe van Disleksie

*"Disleksie is nie 'n siekte nie en ook nie die resultaat van 'n breinbesering of defek nie. Disleksie is die simptoom van 'n wonderlike gawe."*

So sê Karlien Nederveen, 'n arbeidsterapeut van Pretoria. Karlien werk reeds vir 'n geruime tyd in die arbeidsterapie-veld in Suid-Afrika en in die Verenigde Koninkryk. Terug in Suid-Afrika het sy te doen gekry met ouers wat hul kinders tuis moes onderrig omdat die kind disleksie het. Karlien moes self tuisonderrig gee aan haar dogtertjie, wat weens 'n outo-immuunsiekte nie skool kon bywoon nie.

"My soeke na hulp vir die kinders en programme waarvan ek dalk nie weet nie het op die internet begin. Met genade het ek op die Davis-tegniek afgekom. Nadat ek die boek, *The Gift of Dyslexia* gelees het, het ek geweet dít is wat ek wil doen. Ek kon nie verduidelik hoekom nie, maar my hele wese het geweet dit is wat ek wil doen want iets hier maak baie sin."

Karlien het besluit om die opleiding as Davis-disleksiefasiliteerder in Nederland te volg, en het dit in Februarie 2016 voltooi. Sy is nou internasionaal geregistreer as 'n Davis-disleksiefasiliteerder.

"Disleksie is die simptoom van 'n wonderlike gawe. 'n Talent om vindingryke oplossings te bedink en met kreatiwiteit en uitsonderlike sporttalente vorendag te kom. Soos enige ander talent is dit 'n talent wat oorgeëerf word." Dit is die beginsel waarop Ron Davis sy program om studente met disleksie te help, ontwikkel het.

Gedurende sy hele skoolloopbaan kon Ron Davis nie leer lees, skryf of spel nie, ten spyte van 'n geniale hoë intelligensievermoë, die sogenaamde IK (Ron Davis se IK was 134+). Danksy spraakterapie vanaf sy sewentiende jaar, kon hy leer praat. Hy het daarna op sy eie die woorde en begrippe in klei gemodelleer omdat dit die enigste



*Karlien Nederveen*

manier was wat hy sinvol met woorde en begrippe kon omgaan.

In 1982 het Ron Davis en dr. Fatima Ali, Ph.D., die *Reading Research Council Dyslexia Correction Center* in Kalifornië geopen, waar hulle 'n 97% suksessyfer behaal het om kliënte te help om hul leerprobleme te oorkom. In 1994 verskyn die eerste uitgawe van die boek, *The Gift of Dyslexia* en 'n jaar later is die DDAI (Davis Dyslexia Association International) gestig, waar fasiliteerders formeel opleiding in die program kon ontvang.







*Die twee foto's beeld voorbeelde van snellerwoorde uit wat eintlik geen beeld het nie en hoe die persoon met disleksie 'n beeld in klei skep om sodoende die woord se verwarring weg te neem.*



## Kan Disleksie Genees Word?

**Nee.** Disleksie is nie 'n siekte nie en ook nie die resultaat van 'n breinbesering of defek nie, en daarom kan dit nie genees word nie. Mense met disleksie dink hoofsaaklik in beelde – nie woorde nie – en sukkel daarom om sinvol te leer met simbole soos letters en getalle wat geen betekenisvolle beeld het nie. Wanneer kinders verward is of gefrustreerd is ervaar hulle disoriëntasie of distorsie in hul perseptuele waarneming – bv. letter-omkering/woorde wat beweeg/dofheid. So ontstaan 'n lewenslange blokkasie teen leer, wat hul vordering benadeel omdat die leerervaring onaangenaam is en hulle selfs fisiese simptome ervaar van verhoogde angs en selfs naarheid.

**Die probleem wat die vermoë om te leer inperk, kan gekorrigeer word.** Kinders en volwassenes met disleksie kan leer om hul verstandelike vermoë (*mental state*) te herken en te beheer, wat daartoe sal lei dat hulle die resultaat van perseptuele verwarring kan herken en die probleem uitskakel. Om dit te kan doen moet die student egter 'n ander aanslag aanvaar wanneer hulle wil leer.

## Hoe verskil die Davis-disleksieprogram van ander programme?

- Die Davis-metode is nie gebaseer op fonetiese instruksies nie. Aangesien studente met disleksie in beelde dink, sukkel hulle om met die klanke van woord te dink. Dit is dus moeilik vir hulle om te lees deur woorde in klankkomponente af te breek.
- Die Davis-metode is nie gebaseer op fisiese instrumente soos gekleurde lae papier of 'n spesifieke lettertipe nie. Disleksie is 'n ontwikkelingsleerprobleem, en is nie die resultaat van 'n probleem met sig of gehoor nie.
- Die Davis-metode maak nie staat op medikasie of natuurlike behandeling nie.
- Dit is belangrik dat persone met disleksie beheer neem van hul eie leervermoë. Aangesien disleksie nie 'n siekte of 'n psigiatriese



> Die mooiste van die program is dat ek werk vanuit die geloof dat die kliënt self die antwoorde weet – ek moet hom/haar net lei om dit te ontdek deur die tegnieke wat ek jou leer.

toestand is nie, is medikasie volgens die Davis-program nie toepaslik nie omdat dit slegs die persoon in leervermoë hinder.

- Die Davis-metode maak nie staat op herhaling en drilwerk nie. Studente met disleksie sukkel om konsepte of inligting te onthou waarvan hulle nie 'n begrip het nie. Herhaling en dril is vir hulle 'n vermorsing van tyd, en verhoog slegs hul frustrasie omdat hulle nie die inligting onthou nie, tensy hulle verstaan waar dit in die groter prentjie inpas. Leer met begrip is uiters belangrik.

## Wat is die sleutel-aspekte van die Davis-disleksieprogram?

Die twee hoofkonsepte van die Davis-disleksieprogram is **Davis Oriëntasie Berading™** en simboolbemeestering. Die Davis-disleksieprogram behels altyd beide hierdie komponente.

**Davis Oriëntasie Berading** leer studente met disleksie hoe om hul denkpatroon van verwarring en distorsie van die letters, woorde en syfers te herken en te beheer. Deur 'n eenvoudige bewuste proses, leer die student om die gedagteproses wat die disoriëntasie/distorsie veroorsaak af te skakel. Die student is dus in staat om sy gedagtes na 'n rustige gefokusde staat te kry wat geskik is vir lees en ander studies, skryf en praat. Hulle leer om die inligting gefokus te kan waarneem soos dit werklik is en nie soos dit vanuit 'n gedisoriënteerde staat ervaar word nie.

**Davis Simboolbemeestering** behels dat studente klei gebruik om modelle te maak van die *sneller* woorde — die kort abstrakte woorde soos ***en, die, met, 'n, aan.*** Hierdie woorde veroorsaak 'n probleem vir die student met disleksie aangesien hy nie 'n beeld kan vorm van die woord se betekenis nie. Met die driedimensionele kleimodel, saam met 'n model van die letters van die woord, is leer sinvol en permanent en word die disleksie-simptoom stelselmatig afgebreek.

### Vir watter ouderdomsgroep is die Davis-metode geskik?

Die Davis-disleksieprogram is geskik vir kinders vanaf agt jaar en volwassenes van enige ouderdom. Vir kinders tussen die ouderdom van vyf en sewe jaar is daar die Davis™ Leesprogram vir jong leerders.

## Kan die Davis-metode kinders help met aandag-afleibaarheid en hiperaktiwiteit?

Ja. Davis-disleksieprogram-fasiliteerders is opgelei om die student te help om energievlakke te beheer. Deur die loop van die program sal die student konsepte bemeester soos tyd, volgorde, orde en wanorde.

## Hoekom word disleksie 'n gawe genoem?

"Disleksie is die naam vir 'n leerafwyking, maar in die oorsprong van die sogenaamde leerafwyking lê 'n talent. 'n Talent wat deur geslagte oorgedra word. Die talent van kreatiwiteit, musikaliteit, sport, vindingrykheid, noem maar op. Dit is gebaseer op die vermoë om in beelde te kan skep, ontdek, ontwikkel en te ontrafel. Dit is 'n kosbare talent wat nie in die skoolraamwerk pas nie en probleme veroorsaak wat tot 'n swak selfbeeld lei. Jare later ontdek die individu dat hy/sy tog uniek is, die lewe en sy omgewing kan aanpak en sukses kan behaal."

## Wat beteken die Davis-disleksieprogram vir jou?

"Die Davis-disleksieprogram se essensie lê vir my daarin dat dit weer hoop bied waar daar wanhoop was en beheer waar daar geen idee was van hoe om die probleem op te los nie. Die mooiste van die program is dat ek werk vanuit die geloof dat die kliënt self die antwoorde weet – ek moet hom/haar net lei om dit te ontdek deur die tegnieke wat ek hulle leer. Sodoende kan die kliënt dan voluit sy doel op aarde uitleef met die talent wat aan hom/haar gegee is om die mensdom te dien."

## Hoe het jy dit reggekry om vir twee jaar in Nederland te studeer terwyl jou gesin in Suid-Afrika is?

My man, Willem, en my ma, Jeannie, asook my skoonouers en vriendinne het 'n ontsaglike groot rol gespeel hier op Suid-Afrikaanse bodem. Hulle het toegesien dat ons twee dogters, Rianne en Lisa, elke dag gevoed, geliefd en versorg kon aangaan terwyl ek tussen drie tot vier weke op 'n slag weg was vir my opleiding. Die Davis Disleksie Vereniging in Nederland het ook my studieprogram so geskeduleer dat ek so min as moontlik na Nederland moes reis om klas by te woon en praktiese opleiding te ontvang.



**"Die doel van die Davis-disleksieprogram is dus glad nie om jou talent te onderdruk nie maar om jou te leer hoe om jou talent te bestuur en te beheer wanneer dit kom by simbole en abstrakte denke."**

Meer inligting omtrent die Davis-disleksieprogram asook gekwalifiseerde fasiliteerders kan gevind word op **www.dyslexia.com**

Tree in verbinding met **Karlien Nederveen** by karliennederveen@gmail.com of **083 301 3063** na 14:30.





# Vriende vir langer as 50 jaar




*Die trotse vyftienjarige eienaar van die splinternuwe motorfiets. Die entoesiastiese verwelkomingskomitee is sussie Thea, broer Wieger, wat tans in Australië woon, en Harm (oorlede in 2003 tydens 'n fietsongeluk).*

Hoewel die **Suzuki** die hoofkarakter is, begin die verhaal eintlik by die **Toyopet**. Ja, jy het reg gelees, dis hoe die naam van die bakkie gespel word wat as proefmodel ingevoer is en aanleiding gegee het tot die ontstaan van die magtige Toyota onderneming in Suid-Afrika danksy die versiendheid van dr. Albert Wessels. Laasgenoemde het kleedstof in Japan gaan koop vir Veka, sy klerefabriek. Hoewel hy geen motorgeesdriftige was nie, het hy as entrepreneur die Toyopet raakgesien as 'n goeie alternatief vir die Amerikaanse bakkies wat die plaaslike mark oorheers het.

My vader het sy Toyopet in 1964 aangekoop, net nadat die vervaardiging in Suid-Afrika begin het. Hy was 'n boer en eiendomsontwikkelaar en het ook die potensiaal van die Toyopet raakgesien as 'n werkesel wat 'n volle ton meer kon dra as die Amerikaanse eweknie. Dit het hom so beïndruk dat hy gedink het sy seun moes ook deel hê in Japannese tegnologie.

Die Japannese het vroeg in die sestigerjare 'n wêreldwye aanslag op die ligte motorfietsmark geloods, juis omdat die produk goed ontwikkel was as hulle eie nasionale vervoermiddel. Die standaard silinderinhoud van hierdie tipe motorfietse was 49 kubieke sentimeter. Ons was toe nog gewoond aan die help-my-trap-modelle van Europese fabrikate soos DKW, Puch en Zündapp wat selde in Suid-Afrika gebruik was. Hierdie modelle was basies net fietse met 'n versterkte raam en steeds toegerus met fietspedale wat jou kon uithelp as die enjin jou in die steek laat (tegnies) of as jy jouself in die steek laat (brandstoftekort). Die ratte was beperk tot twee wat deur die handvatsel bedien is. Die



*Die Toyopet is in 1964 aangekoop, net nadat die vervaardiging in Suid-Afrika begin het. Dit het selfs as "Blou Bul" op Tukkies diens gedoen, voordat dit finaal op die plaas afgetree het. Doeke by die bakkie ongeveer 1970.*

Japannese modelle het geen pedale gehad nie en was toegerus met vier ratte wat met 'n voetpedaal gewissel is. Op 'n mooi dag kon jy drie keer soveel snelheid uit 'n Japannees met dieselfde silinderinhoud wurg, naamlik 'n angswekkende 80 kilometer per uur! Dit het die hele ervaring van 'n gewone bromponie na 'n volwaardige motorfiets verander.

Destyds was daar hoofsaaklik 'n keuse tussen 'n Suzuki, Honda en Yamaha. Die opvallendste verskil was by die voorste modderskerms waarneembaar, naamlik Suzuki in silwer, Honda in die kleur van die bakwerk en Yamaha in chroom. Al drie modelle se kleurkeuse vir die bakwerk was beperk tot rooi of blou.

Jy kon in daardie jare op 16-jarige ouderdom aansoek doen vir 'n leerlingbestuurderslisensie vir 'n motorfiets met 'n maksimum kapasiteit van slegs 49 kubieke sentimeter. Vir meisies was dit nog nie fatsoenlik om 'n motorfiets te besit nie, hoewel die verkeersregulasies dit darem toegelaat het. Die Japannese motorfietse was ongelukkig vir hul plaaslike mark ontwerp en beslis nie met die Germaanse ras, soos my 1,9 meter, in gedagte nie. Dit was gelukkig toegerus met 'n lang dubbelsitplek. Jy het dan ewe statig op die voorste sitplek weggetrek en as jy 'n redelike spoed wou haal, eenvoudig na die agterste sitplek verskuif en windmakerig oor die brandstoftenk geleun!

Met dít alles in ag geneem en 'n bietjie spaargeld in die besigheid, het my vader op 'n goeie dag besluit om so 'n motorfiets vir my aan te skaf. Dan was dit nie meer nodig om die 10 kilometer na die skool per fiets af te lê nie en kon ek vinniger en varser tuis kom om hom met die boerderytake te help. Dit het my vader verder in staat gestel om meer tyd aan sy bouprojekte te spandeer. Daar was egter een haakplek – ek was net 15 jaar oud en het nog nie vir 'n bestuurderslisensie gekwalifiseer nie!

Die gebrek aan 'n bestuurderslisensie was nie 'n probleem tussen die kleinhoewe en die skool nie, want die polisie was redelik




*Splinternuut en blinkskoon. Doeke het die Suzuki self herstel tot sy eertydse glorie. Net die saal is professioneel herstel. Let op die registrasienommer TV 620 (Transvaal Vereeniging).*

afwesig (omtrent soos nou). Die onmiddellike probleem was dat hulle wel bedrywig in die dorp was (ook omtrent soos nou). Die vraag was: "Hoe kry ons die nuwe aanwins sonder wetlike vervolging by die kleinhoewe." Die oplossing was eenvoudig. Ons laai die Suzuki op die Toyopet! Die volgende probleem was dat ons nie bindtoue by ons gehad het nie. Hierdie oplossing was nog eenvoudiger. Ek sal dit agter op die bakkie staande hou!


So vertrek ons vier laat middag uit die dorp met die Toyopet wat feitlik geen vering het as gevolg van sy groot dravermoë nie. My vader bestuur teen 'n hoë spoed om verlore tyd in te haal, want die koeie moes gemelk word. Ek skreeu ongehoord om genade, want die grootste besitting tot so ver in my lewe is besig om uit my hande te glip – veral toe ons oor 'n spoorlyn jaag. Uiteindelik het ons die rit na die kleinhoewe sonder skade aan die Suzuki voltooi – die alternatief was eenvoudig ondenkbaar! Ek was die enigste beskadigde party weens 'n gekneusde ego, maar dit het vinnig herstel toe ek een van net vier motorfietse op hoërskool besit het.

Wat die Toyopet betref, is dit na my vader se dood saam met sy boerdery aan my suster oorgedra. Sy het dit weer aan my oorgedra toe sy geëmigreer het. My seuns het my gehelp om dit volledig te restoureer. Dit het selfs as "Blou Bul" op Tukkies diens gedoen, voordat dit finaal op ons plaas afgetree het.

Die Suzuki het nog diens gelewer aan my twee broers en my suster se seun, waarna ek dit op die plaas gestoor en vir 19 jaar daarvan vergeet het. Tydens 'n onlangse opruiming het ek weer daarop afgekom met steeds 'n bietjie lug in die bande, taai vloeistof in die tenk en 'n gehawende saal. Selfs die verf was nog goed. Die saal is professioneel herstel en die res het net my eie handewerk vereis.

Behalwe vir my vader is ons drie na 50 jaar nog steeds bymekaar en in 'n werkende toestand. Ons het baie ingemeen. Ons skakel soms moeilik aan in die oggend; geen een is op standaard met die nuutste tegnologie nie; ons het 'n paar skrape en die bekleedsel sit 'n bietjie los; ons pas is stadiger; en ons verloor so 'n bietjie wind en vloeistof deur die dag. Maar ons is goed aanmekaar gesit en ons vat ons daaglikse lewenspad geduldig, gedienstig en gedwee tot by ons volgende bestemming …. wie weet waarheen?

*Dr. Doeke Tromp*





# Van Koeistal tot Kookskool

*Annelien Pienaar is 'n voedselwetenskaplike wie se kennis en agtergrond iets is om mee rekening te hou. Sy span dit deeglik en kreatief in om almal touwys te maak agter die kospotte en om voedsel te preserveer vir moeiliker tye. Wilna Matthee het haar raakgeloop in Skeerpoort, in die skilderagtige Magaliesvallei naby die Hartbeespoortdam.*



Annelien is 'n vrou met wie jy nie 'n vinnige geselsie kan aanknoop nie. Wanneer sy lostrek voel dit binne 'n halfuur asof julle al jarelange vriende is. Sy borrel oor van entoesiasme oor wat sy doen, hoe sy dit doen en hoekom. Kosmaak en mense: dis haar passie en terselfdertyd haar inspirasie. "Ek is 'n gebore onderwyser, opvoeder en het jare se geduld!"

Haar lewe het 'n wye draai geloop en sy het diep spore getrap op vele terreine voordat hulle gesin op hulle familieplaas by Skeerpoort nes geskrop het. Hier in die rustige omgewing van haar kinderjare kan die Pienaar-spruite ook nou speel-speel weg van die woelige stadslewe grootword. Wegneem kits-etes is glad nie op die spyskaart nie en maatjies ontdek dat speeltyd beteken jou selfoon is af, en boomklim en rondhardloop is aan die orde van die dag... en dan vra hulle om nog 'n dag te kuier! Annelien leef haar uit op die manier wat vir haar die beste is. Sy het 'n kookskool op hulle plaas en haar *blog* se resepte en wyshede is baie gewild.

Haar voorbereiding vir wat sy vandag doen het begin met 'n Huishoudkunde-graad aan die Universiteit van Pretoria. "Maar die studiegogga het nog gebyt en ek het 'n diploma in Voedsel en Kleding-tegnologie aan die Technikon van Pretoria voltooi. Ek het tydens my studies aan die Technikon uitgestyg en in my finale jaar by hulle as junior lektor begin."

Daarna het sy haar "gaan frustreer en in modehuise gaan patrone trek vir trourokke". Annelien het haar HOD voltooi en voltyds by verskeie instansies as voedsel dosent begin werk. Die langste was by die destydse Tegniese Kollege van Pretoria waar sy leer skryf, navors en mensekennis opgedoen het. "Ons het lang en harde ure gewerk. Ons het







saam met die studente vir een van Nelson Mandela se verjaardae by die Uniegebou gekook. "Wat 'n belewenis. Ons het Madiba nie self ontmoet nie, maar het wel 'n dankie-sê skrywe ontvang. Wat 'n mens was hy nie!"

## Chefs wêreldwyd versprei

Annelien het haarself by die Kollege gevind en agtergekom sy maak 'n verskil in sogenaamde "probleemkinders" se lewens. Só het sy tot die besef gekom dat dit eintlik kinders met probleemouers was. "Ja, daar was hardekwasse, maar vandag nog kry ek e-posse van dankie vir die druk, die raas en die roetine. Daar is 'n paar goeie chefs oral oor die aardbol versprei".

## Broodbak en kaas maak in die Koeistal

Die Pienaars het lank gespaar en gebou aan die ou koeistal op die plaas om dit in 'n gastehuis en kook-ateljee te omskep. Daar leef Annelien haar uit wanneer sy vir die gaste kook, mense in allerlei kosdissiplines oplei, en ook intieme funksies vir nie meer as 20 gaste aanbied. Sy leer mens onder andere hoe om regtig goed brood te bak en sagte kaas te maak.

"Ons produseer vars groente en vrugte en verwerk die oormaat in gebottelde produkte wat oral in die omgewing verkoop word. Met dié inisiatief lei ek die plaaslike gemeenskap op en gee hulle 'n lewensvaardigheid wat tuis goed te pas kom."

Die Pienaars produseer pekanneute en ook saailinge op 'n deeltydse basis. "Chemie en Fisika is onlosmaaklik deel van my en ek het 'n uitgebreide kennis oor al die fasette van pekanneut-produksie. Daarmee saam gee ons opleiding aan opkomende boere en nuwe toetreders tot die mark. Ons doen ook grondanalises, boorduitleg en aanplantings. Ek geniet dit om buite te wees en die aarde te voel en te ruik."

## Resepte inspirasie

Nou kyk, vir Annelien gaan dit nie net oor kook en bak nie. Elke resep het sy eie storie en soms loop dit 'n ver pad. Met die "Boerekos met 'n Twist" blog en ook die Facebook groep is daar gewoonlik 'n les saam met elke resep. "Ek wil die persoon wat my resep gebruik, help om 'n inkomste aan te vul. Ek wil stories oor alledaagse dinge skryf wat jou nederig hou, jou anders na situasies laat kyk. My kos, my resepte vertel 'n storie. Een daarvan is die broodbakstorie.

"Ek het in 'n huis grootgeword waar broodbak 'n daaglikse item op die spyskaart was. Ons het geleer broodbak nog voor ons

skool toe gegaan het! Dit het nie saak gemaak watter tipe suurdeeg-gebak my ma gemaak het nie, sy het die spons of die "poolish" metode gebruik. Vir my het moeder nie verduidelik hoekom sy die tegniek gedoen het nie. Dit was vir ons soos om fiets te ry. Jy het dit outomaties gedoen! Die metode van insuur wat die oumense gebruik het, het 'n brood opgelewer met 'n wonderlike smaak, kleur, tekstuur en 'n lang raklewe! Ja, 'n langer raklewe omdat daar goeie mikro-organismes in die brood is wat voordelig inwerk op die ander buite mikro-organismes en dan weer 'n positiewe uitwerking op jou spysvertering het."



# Die Resep

Die resep kan op twee maniere berei word: die vinnige manier is gooi alles by mekaar, knie, rus, vorm en bak! Dit is 'n brood met 'n korter raklewe en minder geur. Dus, kyk ons na die lang pad.

## Bestanddele

- 550 g broodmeel
- 390 g water (ja, jy het reg gelees...weeg die water!)
- 5 g kitsgis
- 10 g sout (jodiumvry)
- 30 g olyfolie

## Metode

Neem 225 g koekmeel, 390 g water en die helfte van die gis en meng alles saam tot 'n gladde pasta. Bedek en laat dit vir 6-12 ure staan om mooi sponsig te word. Borrels sal op die oppervlakte vorm.

Meng die res van die meel, sout, olyfolie en gis met die spons wat jy die vorige dag of ses ure gelede gemaak het. Knie die mengsel totdat die bestanddele net goed deurgemeng is. Laat die deeg vir 30 minute staan sodat dit sterker glutenbande kan vorm. *Jy kan in hierdie stadium die deeg in die yskas plaas en dan gebruik soos nodig. Maar dan móét die deeg vir 12 ure in die yskas gehou word voor die eerste gebruik.*

Na 60 minute: knie die deeg 5-10 minute lank totdat dit glad en elasties is. Hier kom die geheim van die groot gate van broodbak in! Vir die volgende uur moet jy die deeg elke 15 minute oor mekaar vou. Laat die deeg dan vir twee ure rus voordat jy dit verder verwerk.

Haal die deeg na twee ure versigtig uit, moet dit nie rek nie, maak los aan die kante en keer om. Deel die deeg op in die hoeveelhede wat jy nodig het. Maak dit op en laat rys vir 60 minute of tot dubbel die volume.

Plaas 'n gietysterpot met 'n deksel in die oond om vooraf te verhit by 230° C. Plaas dan die voorbereide deeg wat klaar gerys het in die pot. Maak 'n snit op die brood sodat dit die brood help om meer te rys tydens die bakproses. Bak vir 25 minute met die deksel toe en dan 30 minute sonder die deksel.

Gaan loer gerus op Annelien se blog vir nog baie ander resepte, asook kursusse wat sy aanbied. **boerekostwist.blogspot.co.za**

# BOMA™ Vleismark | Meat Market

BOMA Vleismark is reeds die afgelope 22 jaar deel van die gemeenskap van inwoners, skole en kerke in die ooste van Pretoria, 'n bekende baken op die hoek van Garsfontein- en Rubensteinlaan in Moreletapark.






**Braai**
Rypgemaakte biefstuk, tuisgemaakte wors, lamstjops, geurige sosaties, hoendervlerkies ... wat u ook al verkies.

**Deli**
Klaargaar etes vir gesinne asook enkellopendes: lamspastei, hoenderpastei, bief stroganoff, bobotie, lasagne, wildspastei en meer. Groente soos pampoenkoekies, spinasie, gemengde groente – voorberei en gereed om te eet.

**Warm etes op Sondag**
Kom skep u eie warm bord kos elke Sondag.

**Onthaal**
Melktert, appeltert, Peppermint Crisp-tert, ystervarkies, dadelbolletjies, koeksisters en ons gewilde tuisgemaakte vleisrolletjies. Nou ook Hertzoggies, quiche, pekanneuttertjies en sjokoladetruffels. Skinkbordhappies (*platters*), soet en sout, kan bestel word by die Deli.

**Biltongmandjies**
Biltonggeskenke voorberei volgens u voorkeur en prys.

**Tuisgemaakte kouevleis**
Ons eie tuisgemaakte kouevleis sluit in gerookte ham, Pastrami, beesvleisskywe, gaar tong, Chorizo en Hollandse wors. Ons ontbeen, vul en rol skaapboud, en maak dit gaar op bestelling.

**Café BOMA**
BOMA Vleismark het onlangs uitgebrei deur Café BOMA in Moreleta Plaza te open. Met ŉ trotse rekord van gehalteprodukte, kan kliënte nou smul aan lekkernye wat hulle reeds by BOMA Vleismark leer ken het.

**Olympus Village**
Vir die gerief van hul kliënte het BOMA Vleismark pas ŉ tak in die nuwe winkelsentrum Olympus Village in Olympusrylaan geopen.

**Ons kyk vorentoe**
BOMA Vleismark luister na hulle kliënte en ontwikkel deurlopend nuwe produkte en dienste om aan te pas by die veranderende lewenstyl en behoeftes van hul kliënte.

**www.bomameat.co.za volledig in Afrikaans en Engels**

BOMA™

Verskaffer van gehalte vleisprodukte

# Vleismark | Meat Market

## *BOMA Vleismark doen dit weer!*

### Cleaver-toekenning Nasionaal: GOUD

Die SA Rooivleisbedryf het BOMA Vleismark weer bekroon met 'n landswye Cleaver-toekenning: **GOUD**

*Bekroon vir*

- Higiëne • Gehalte • Diens
- Waarde vir geld

CLEAVER QUALITY • HYGIENE SERVICE • VALUE AWARD




Regs: mnr. Hendrik Steenkamp, eienaar van BOMA Vleismark, ontvang die toekenning van dr. Nicolette Hall.

**Café BOMA™**

Hoek van Garsfontein- en Rubensteinrylaan
Moreletapark, Pretoria
Tel 012 998 1617


**Biltong & Braai**

Eastdale Pavilion
Hoek van Solomon Mahlangu en Jacquelinerylaan
Garsfontein
Tel 012 993 1295

**BOMA™ Vleismark**


Olympus Village
Tel 012 991 3022

BOMA Vleismark Hoek van Garsfontein- en Rubensteinlaan Moreletapark, Pretoria | Tel 012 998 8711



# THE GUERNSEY LITERARY AND POTATO PEEL PIE SOCIETY

deur MARY ANN SHAFFER en ANNIE BARROWS | *London: Bloomsbury, 2008*




'n Paar maande gelede leen my niggie vir my 'n boek en sê dis nou om bietjie iets anders te lees as Alexander Mc Call Smith se *No. 1 Ladies' Detective Agency* verhale waarvoor ons albei lief is en gereeld boeke uitruil. Sy sê toe dat ek hierdie boek met die eienaardige titel behoort te geniet. 'n Mens moet glo net bietjie vasbyt oor die eerste klompie bladsye en daarna sal jy die boek nie wil neersit nie. En dit was ook so: *The Guernsey Literary and Potato Peel Pie Society* was 'n heerlike leeservaring.

Die storie begin in 1946 in Londen, net na die Tweede Wêreldoorlog en handel oor die jong skryfster Juliet Ashton. Sy skryf nie net nie, maar is ook baie lief vir lees. Wanneer sy uit die bloute 'n brief van Dawsey Adams van die Guernsey-eiland in die Engelse Kanaal kry nadat hy toevallig 'n boek wat voorheen aan haar behoort het, bekom het, begin 'n briefwisseling tussen hulle. Later korrespondeer sy ook met ander inwoners van die eiland. Trouens, die hele verhaal word deur middel van briewe vertel.

Ons leer 'n klompie unieke en eksentrieke karakters deur hulle briewe ken en beleef die ontwrigting wat die besetting van die Guernsey-eiland deur die Duitsers in die Tweede Wêreldoorlog op die eilandbewoners gehad het. Daar is egter nie net swaarkry nie, want met humor word daar vertel hoe die leeskring nou eintlik tot stand gekom het. Ons leer ook elkeen van die karakters se leessmaak ken en lag vir hulle kommentaar op die boeke wat gelees word.

Juliet besoek die eiland later en haar lewe verweef met die lewens en lotgevalle van die Guernsey-mense. In die laaste brief in die boek, skryf Juliet aan Sidney Stark, haar uitgewer en vriend in Londen, om hom te vra om vir haar huwelik na Guernsey te kom, natuurlik met Dawsey Adams van wie ons al in een van die eerste briewe verneem het!

Dis werklik 'n genotvolle boek waarin ons op 'n subtiele manier baie leer van die effek wat oorlog op mense het. Daar is humor, tragiek en opheffende gebeure. Maar die heel lekkerste is die klem wat daar op die waarde van die leeservaring is, en ek sluit af met een van die kosbare uitdrukkings in die boek: "Reading good books ruins you for enjoying bad books"

*- Malene Schulze*



# Wees Woordwys!

***In** Wees Woordwys **word allerlei taalstrikke op die taalpad bespreek en hoe om dit met flinke taaltaktiek te omseil. Lesers is welkom om saam te gesels.***

***Stuur gerus e-pos na marietdp@vodamail.co.za***

Wat sê mens deesdae van ons ekonomie? Behalwe dat "rommelstatus" 'n pragtige woord is, het die ekonomie skynbaar 'n lewe van sy eie. Daarom dink ek dis goed om te gesels oor begrippe in onder meer die geldwêreld wat ook so op hulle eie missie is.

## Groei

'n Sin soos *Ons moet die ekonomie **groei*** is foutief. Korrek: *Ons moet die ekonomie* ***laat groei.***

## Oudoring

Hoewel *pensioenaris* en *gepensioeneerde* gevestigde begrippe is, word dit nog verkeerd geskryf sonder 'n e. Dus *pensionaris*. Laasgenoemde was/is 'n amptenaar in die Nederlandse regering. Die woord, *pensioentrekker,* kan ook gebruik word. Ek het ook al gehoor van die benaming, *oudoring,* vir 'n pensioenaris!

## Geldeenhede

### Keinletter

Geldeenhede word in Afrikaans met 'n kleinletter in die middel van 'n sin geskryf. Byvoorbeeld: rand, dollar, euro, al is laasgenoemde afgelei van die naamwoord Europa.

### Verhouding

Die rand/dollar-wisselkoers word met 'n skuins streep (solidus) geskryf en nie met 'n koppelteken tussen die rand en dollar nie. Die skuins streep dui die **verhouding** aan tussen die rand en dollar en laasgenoemde word gekoppel aan -wisselkoers.

## Getal, Aantal, Hoeveelheid, Talle

**getal** – telbaar, spesifiek
**aantal** – vaag
**hoeveelheid** – vir ontelbare dinge
**talle** – baie en ongeteld

*Getal* word gebruik as 'n presiese getal genoem word. Byvoorbeeld: *Die getal mense by die vergadering was tien.*


*Aantal* word gebruik vir mense of dinge sonder 'n spesifieke getal. Byvoorbeeld: *Daar was 'n groot aantal mense/voertuie.*


*Soms is dit moeilik om tussen *getal* en *aantal* te onderskei. Vergelyk: *Groot getalle mense het siek geword* hoewel dit nie spesifiek is nie. Ons sê nie *Groot aantalle mense het siek geword* nie.


*Hoeveelheid* word net gebruik vir dinge wat nie getel kan word nie. Byvoorbeeld: *'n Groot hoeveelheid bousand/water is afgelewer*. Maar *'n Hoeveelheid leerders het geslaag* is foutief omdat die leerders getel kan word.


# Die donkie, die skilpad en wurms...


Fiela


Nonnie


Strepies


Rampie


Blokkies

Julle weet almal dat my naam Fiela is en dat ek die ma van Nina (ook genoem Fiela se kind) is. Ons bly hier op ouplot terwyl Nina se pa, Rampie, op anderplot woon. Die skeiding is as gevolg van natuurlike oorsake – hy is met 'n bakkie weggery. Die afgelope tyd was hier nogal konsternasie op ouplot.

Hier is sulke snaakse diertjies wat vreeslik vaak word, veral in die winter. Hulle word skilpaaie genoem. Die een se naam is Frikkie. 'n Ruk gelede begin Frikkie gate in die gras op die werf grou. Dit lyk asof hy by elke gat kwaliteittyd bestee, maar ons weet nie wat aangaan nie. 'n Ruk later is daar skielik 'n klomp klein skilpadjies en ons besef dat hier iets groots aan die gang is. Het Frikkie 'n geslagsverandering ondergaan en ma geword? Frikkie steur hom of haar egter nie aan die kleintjies nie. Strepies is toe baie bekommerd oor die tuisonderrig van die klein skilpadjies, maar ek vermoed hulle sal maar met hul instink deur die lewe moet gaan!

Een van die mense hier meen toe ons moet ontwurm word. Ons is diep gekrenk. Hoe kan ons mense dink dat ons wurms kan hê! Wat sou ons met hulle maak? Dis nie moontlik nie. Ons vreet ons gras gereeld en dan herkou ons dit goed voordat ons dit insluk. Geen wurm kan verby daardie dubbelkou kom nie. Dan is daar nog die koerantblaaie wat hier rondwaai en wat ons as aanvulling tot ons kos vreet. Geen wurm kan bestand wees teen al die moord, skelm vryery en korrupsie in die koerant nie, veral as dit herkou is. Rampie raak woedend oor al die korrupsie. Hy balk daar van anderplot af dat korrupsie maar net 'n mooi woord is vir sluwe skelms wat soos bosluise die bloed van eerlikes en ander skelms steel. Ek dink Rampie praat dalk onder hewige korreksie, want vir my lyk dit korrupsie is eintlik 'n sportsoort – 'n nasionale sportsoort waar baie stoei om deel van die kwota te wees.

Maar ons is maar bekommerd oor die ontwurming. Ons is nie seker hoe die pille toegedien word nie en dit knaag aan ons senuwese. Gaan hulle nie dalk die voorbeeld van daardie flukse veeartsie volg en die pille toedien waar sy met haar koue koorspen ons koors meet nie? Wat goed moet wees vir koors kan mos ewe maklik goed vir 'n pil ook wees! Nou hou ons maar ons gesigte na die mense toe as hulle naby ons kom.

Groete vanaf ouplot,
*Fiela*



*Die menings uitgespreek in Sonder Seëls is nie noodwendig dié van die redakteur of Essence Kommunikasie nie. Artikels en rubrieke word uitsluitlik vir inligtingsdoeleindes gepubliseer en daar kan nie daarop gesteun word as deskundige raad nie. Die produkte en dienste wat geadverteer word, bevat die inligting wat die adverteerder verskaf. Sonder Seëls aanvaar nie aanspreeklikheid vir die akkuraatheid en/of gehalte van produkte en dienste nie.*